

# Donderdag 9 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring  
14:7, 8

## Wie nie luister nie, kry moeilikheid!

Die inhoud van die ewige evangelie word in vers 7 gestel: Die engel roep met 'n baie harde stem – dit beteken dat alle mense hierdie oproep sal hoor!

Die aardbewoners wat hier aangespreek word, het nagelaat om die Here te dien. Hulle het God onteer en gesmaad met hulle ongehoorsaamheid en verset teen Hom en sy Woord. Hulle het God se bestaan ontken (en geweier om die gelowiges se lyke te begrawe; en vir mekaar geskenke gestuur omdat die kerk volgens hulle uitgeroei was! – Op. 11).

Nou kom hulle in die oordeel van God self! Let op hoe groot is God se genade. Hy roep hulle nog weer op om tot bekering te kom. God se eerste doelwit is nie om mense te verpletter met sy oordeel nie! Hy wil red! Daarom die oproep tot bekering. Wat hierdie oproep so bitterlik ernstig maak, is dat ons weet dat hierdie bekeringsoproep uitgaan in 'n tyd waarin die vrees vir God en sy diens al heeltemal onder die mense verdwyn het. Vergelyk daarvoor hoofstukke 11 en 13.

Hierdie engel is 'n boodskapper (herout) wat die koms van die Koning vooraf aankondig. Die onderdane moet hulle voorberei – die Koning is op pad. *Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom. Die Here Jesus het van hierdie oomblik gesê: Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!* (Op. 1:7).

Die engel se woorde “*aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het*”, is om aan te dui hoe groot, magtig en wys God is.

Die logiese gevolgtrekking is dat die Here die eindoordeel met dieselfde onteenstaanbare mag gaan uitoefen. Die punt is net dat die spul ongehoorsames dan ook almal gaan agterkom dat hulle glad nie so wonderlik en magtig is nie. Hulle is almal skepsele wat in hulle mag bitter swak en nietig vergelyk teenoor die Here. In die eindoordeel gaan hulle teruggeruk word in dit wat hulle is en nie dit wat hulle dink (verbeel!) dat hulle is nie.

*Sing: Psalm 103-1:9*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*